Thinus Viljoen, kaptein van die Hoërskool Menlopark se krieketspan, kap hier na 'n aflewering in die eindstryd van die nasionale Twintig/20-toernooi in Stellenbosch. Viljoen het 62 lopies in sy span se sege van twee lopies oor Hilton-kollege aangeteken.
Foto: ASHLEY VLOTMAN

T20-KAMPIOEN GEKROON

Menlopark verower titel vir tweede keer

Hannes Nienaber

Stellenbosch. – Die Hoërskool Menlopark is Suid-Afrika se voorste Twintig/20-krieketspan.

Die span van die Jakarandastad is Sondag hier op Coetzenburg as nasionale kampioen van Krieket Suid-Afrika (KSA) se nasionale T20-toernooi gekroon.

Menlopark het daarmee ook die eerste skool in die kort geskiedenis van dié toernooi geword wat vir die tweede keer die titel verower.

Thinus Viljoen, kaptein van die span, en Dean Foxcroft, nasionale o.19-speler, het 99 lopies om die derde paaltjie bygevoeg nadat albei aanvangskolwers, Dillon Mmako en Bernard Snyman, terug in die kleedkamer was sonder 'n lopie op die telbord in die eindstryd van die toernooi teen Hilton-kollege.

Menlopark het Sondag ook vir Grey-kollege van Bloemfontein met vier lopies geklop om sy plek in die eindstryd te bespreek. Die span van Pretoria en die Rosestad was albei op 14 ligapunte voor die kragmeting.

Foxcroft het tydens die toernooi gewys hoekom hy so hoog aangeslaan word.

Dié 16-jarige speler het in die eindstryd met sy veldwerk twee spelers uitgehardloop en ook 'n goeie vangkans benut. Sy kaptein het ook aan hom die laaste boulbeurt toevertrou.

Hilton het 13 lopies vanaf die laaste boulbeurt benodig om te wen, maar Foxcroft het net tien lopies en nie 'n enkele grenshou nie met sy draaiboulwerk afgestaan.

Hy het ook twee goeie vangkanse teen Grey benut. Die vangkans van die toernooi is egter deur Viljoen waargeneem toe hy Grey se Neil Durrow uitgevang het.

Viljoen was met tien paaltjies teen 'n gemiddelde van 10.80 lopies per slagoffer sy span se voorste bouler.

Grey se Wihan Victor het die toernooi as die voorste kolwer afgesluit met 207 lopies teen 'n gemiddelde van 41.40 lopies per beurt.

Hy het ook die enigste honderdtal van die toernooi met sy 114 lopies van slegs 51 aflewerings teen Hilton-kollege gemoker.